## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

6 Februarie 2014

Dagsê Almal

Dinsdagoggend bid ek ernstig vir die Here om vir my mense te stuur wat kan help met die naaldwerk. Ek laat dit aan Sy voete en gaan voort met die dag se bedrywighede wat baie dol uitdraai. Lap moet gesny, omgekap en gemerk word, binneslope moet gemaak en gestop word. Ansie en haar man werk onverpoos aan die borduurwerk sodat ons die agterstallige bestellings kan inhaal. Petro en haar kombuisspan sorg dat ons innerlike versterk word en skielik lui my telefoon. “Is dit Annatjie?” “Ja, dis Annatjie” “ Ek is Marietjie en wil hoor of jy hulp nodig het?” ... Na die gesprek sluit ek my oë terwyl ‘n gevoel van onbeskryflike dankbaarheid my vul oor Sy getrouheid. Spreuke 3 v 5 en 6 skiet my onmiddellik weer te binne – Vertrou op Hom en moenie op jou eie insig staatmaak nie, Ken Hom in al jou weë... Vandag stap Sr Rita hier in met iemand wat ook kom help en weer is ek gevul met dieselfde dankbaarheid wetende dat daar nogmaals voorsien is.

Die “probleem” het ontstaan deurdat van die vroue ‘n werksgeleentheid gekry het en dus aanbeweeg maar terselfdertyd het ‘n tweede groot naaldwerkprojek met Lindie se mede werking ons te beurt geval. Die projek is reeds gebeeldsend tydens ontbytsake op GrootFM (90.5). So draai die Here vir ons dan die probleem van die borduurmasjiene om in ‘n werkskeppingsprojek van groot omvang en ons kan tydelik vir iemand anders ook ‘n werksgeleentheid bied waar daar ‘n behoefte is. Ons wil steeds graag ons eie borduurmasjien gebruik om die projek weer in sy geheel hier te doen maar ek en Faith het besluit ons laat dit nou by die Here.

So lui my foon weereens vanmiddag en Linda van Bernina bel met goeie nuus. Hul het besluit om vir ons 3 demomasjiene (2 stik en 1 omkap) te skenk om met die nuwe projek te help. Die huis gons soos daar gestik word aan die kopbande.

Terselfdertyd vorder die bouwerk pragtig. Die bouers het vandag begin met die stoep se aanbouing wat dan vir my heelwat ekstra ruimte gaan gee vir die naaldwerkprojek wat tans die huis oorheers.

Ons ontvang ook gister ‘n yslike klomp vars groente en die kombuisspan onder Petro se leiding is besig om dit te verwerk in 1kg pakkies gemengde groente. Dit is solank ‘n oefenlopie want ons beoog om binnekort met ‘n groot projek te begin waarmee ons dan die groente sal opmaak op bestelling. Sodra die buitekombuis hopelik teen einde volgende week gereed sal wees kan ons ernstig daarmee begin. Ek vertrou ook weereens op die Here om te voorsien in die behoefte vir die masjiene om die verwerking te vergemaklik. Ons gebruik tans die groente vir die huis en mense omdat ons blikkies voorraad baie eina-eina is en dit is lekker om nou vir die mense vars verwerkte groente huis toe te gee wanneer hulle self gaan kook oor ‘n naweek.

Die ander bedrywighede van die huis is ook weer in volle swang; die Koningskinders het Maandag en gister weer begin en daar is ook ‘n groot behoefte aan ekstra hande om te help met die kinders se huiswerk en Gene noem vandag dat hulle nie al die kinders kon bring vandag nie omdat hulle nie genoeg is om te help nie. Kontak my gerus jongmense indien julle daarmee wil help. Anton het verlede week al begin om spesiale aandag aan ons kinders te gee met hul wiskunde.

Ek kan dus net vir almal se betrokkenheid en ondersteuning sê baie, baie dankie – julle maak beslis ‘n verskil in die swaarkry van hierdie mense.

Eljada Huis groete

Annatjie

*******************************************************************************

***KOMBUISNOOD;***

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, macaroni, spaghetti, koffie, tee, boksmelk, margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos, soppoeier, speserye, eiers, mieliemeel en hawermoutpap.
- Toiletware – skeermesse, toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol, spuitgoed, waspoeier en sunlight seep.

*******************************************************************************

***Bankbesonderhede***

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

*******************************************************************************

**Vir die huis:** Tuinstoele, Stoele en tafels vir ons nuwe buite-eetkamer en stoep, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels, rekenaars, naaimasjiene, kaste en staalrakke vir die nuwe stoorkamer wat byna klaar is, kaste vir die eetkamer.